

Voorbeelde van 'n paar onverwerkte materiale wat ons gebruik om ander materiale te maak


Sand word gebruik om glas te maak

Klippe word deur wind en bewegende water fyngehaal en word **sand**. Sand is 'n onverwerkte materiaal wat gebruik kan word om glas te maak. Wanneer dit verhit word, smelt dit tot vloeistofvorm en kan dit tot baie verskillende voorwerpe gevorm word. Wanneer dit afkoel, is dit nie meer soos sand of 'n vloeistof nie. Dit verander in glas.

Glas is nuttig vir die maak van verwerkte voorwerpe, byvoorbeeld vensters, koppies, borde en gloeilampe.



Vloeibare glas kan gevorm word.




'n Glasfles

Klei word gebruik om keramiek te maak

Klei is 'n onverwerkte materiaal wat uit baie fyn sand bestaan. Nat klei is sag, klewerig en **vormbaar**. Dit kan tot bakstene, potte, bekere en ander eetgerei soos borde en bakke gevorm word. Wanneer klei-voorwerpe in 'n baie warm oond gebak word, raak hulle harder en sterker. Hierdie proses van verhitting verander die klei na **keramiek**-materiaal. Keramiek-voorwerpe is harder as klei, maar is ook baie **bros** en kan maklik breek.

Wasbakke, baddens, toilette en teëls word alles van keramiek gemaak.



Hierdie soliede voorwerpe word van keramiek gemaak.

Steenkool en olie word gebruik om plastiek, verf en materiale te maak

Steenkool is 'n harde, swart stof wat uit die grond kom. Steenkool word gevorm uit die oorblyfsels van bome en plante wat miljoene jare gelede geleef het.



'n Stukkie steenkool